# Redaksioneel

## Die SATB - 'n Moet vir teoloë

Te oordeel aan die groeiende gebruiksfrekwensie van die *Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie* (*SATB*) deur studente wat kennis dra van die publikasies, is dit duidelik dat hiermee 'n hulpmiddel van onskatbare waarde die lig gesien het.

Die bibliografie is 'n moet vir alle universiteitsbiblioteke, teologiese skole en kerkargiewe. Openbare biblioteke en individue sal ook baie hierby baat vind. Hierdie bibliografie indekseer Suid-Afrikaanse teologiese tydskrifte en versamelbundels sowel as proefskrifte en verhandelings wat aan Suid-Afrikaanse universiteite ingedien is.

Dit bestaan uit 'n lopende reeks waarvan die eerste band in 1980 verskyn het; band ses sal binnekort beskikbaar wees. Waar die opstellers aanvanklik retrospektief moes werk, is met band vyf (1990) die ideaal bereik om die vorige jaar se gegewens in die daaropvolgende jaar beskikbaar te stel. Dit is dus nou 'n bibliografie met resente inligting. Waarde word hieraan toegevoeg deurdat die nuutste inligting wat nog nie in 'n gepubliseerde band opgeneem is nie, rekenaarmatig herwin kan word. Hierdie diens word gelewer deur die *Instituut vir Teologiese Navorsing* aan die Universiteit van Suid-Afrika (onder die hoofskap van prof W S Vorster) waar die bibliografie ook opgestel word.

Die indeksering van inligting wat vanaf band vier gevolg word, het die omslagtige soekprosedure van die eerste drie bande opgehef. Die bibliografie bestaan tans uit:

- 'n alfabetiese onderwerpsindeks (Engels), saamgestel aan die hand van 'n gekontroleerde trefwoordelys (in navolging van die *American Theological Library Association* se *Religion Indexes*);
- 'n alfabetiese outeursindeks;
- 'n alfabetiese indeks van boekoorsigte en resensies (*Book Review Index*).

Spesiale gebruikersvriendelike kenmerke is dat die volledige bibliografiese inligting van elke item gevind word in die spesifieke indeks waar die gebruiker soek; geen afkortings word gebruik nie en dit is nou ook moontlik om resensies van (nuwere) Suid-Afrikaanse publikasies te bekom. Dit alles is 'n tydbesparende verbetering op die eerste drie bande wat sistematies saamgestel is, met afkortings en vele kruisverwysings. (Hersiening van hierdie bande in die toekoms is nie uitgesluit nie.)

Die *SATB* is van die eerste band af 'n netjies-versorgde publikasie wat veelvuldige hantering kan verduur. Saam met die *Bibliografie vir kerkgeskiedenis in Suider-Afrika* bied die *SATB* vir teoloë in Suid-Afrika 'n onmisbare hulpmiddel vir die herwinning van inligting. As standaardnaslaanwerk is dit sy prys dubbel en dwars werd.

Die volledige bibliografiese gegewens van die genoemde boeke is soos volg:

Borchardt, C F A, Kilian, J & Vorster, W S (eds) 1980. *South African theological bibliography/Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie*. Pretoria: UNISA.

Hofmeyr, J W & Cross, K E (eds) 1986. History of the church in Southern Africa. *Vol 1, A Select bibliography of published material to 1980.* Pretoria: UNISA.

Hofmeyr, J W & Cross, K E (eds) 1988. History of the church in Southern Africa. *Vol 2, A Select bibliography of published material 1981 to 1985.* Pretoria: UNISA.

Mej A D Heckroodt
Vakbibliotekaris: Teologie
Akademiese Inligtingsdiens
Merensky Biblioteek
Universiteit van Pretoria